# HOOFSTUK VI.

## ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS NA UNIFIKASIE: 1910 - 1952.

### 1. Uitbreiding van die laer onderwys,1910-1952.

#### a. Geleidelike ontwikkeling, 1910-1917.

##### (1) Fundamentele reëlings i.v.m. onderwys.

Op 31 Mei 1910 is die vier Suid-Afrikaanse Britse kolonies verenig tot die Unie van Suid-Afrika. Hierdie stap het gevolg op langdurige onderhandelings wat gevoer is. Die Transvaal het hiermee sy selfbestuur verloor en word een van die provinsies van die Unie. Voortaan sou dit as provinsie beheer word deur die provinsiale regering onder voogdyskap van die sentrale regering. Volgens artikel 85 (iii) van die Suid-Afrika-wet sou die provinsiale owerheid alle onderwys behalwe hoër onderwys beheer[1]. Die onderwysowerheid sou bestaan uit die Administrateur, as hoof van die provinsie, die Uitvoerende Komitee, as bestuur van die provinsiale sake, en die Provinsiale Raad as wetgewende liggaam.

Die Onderwysdepartement sou beheer word deur die Direkteur van Onderwys, die Sekretaris van Onderwys en die administratiewe personeel. Elke parlementêre kiesafdeling sou 'n skoolraad hê, wat moes dien as skakel tussen die onderwys van die betrokke distrik en die Departement van Onderwys. So 'n distrik sou 'n onderwyshoof hê, naamlik 'n inspekteur, om in sake in verband met onderwys te adviseer en dit

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 122.

alles te kontroleer. Elke skool sou sy eie skoolkommissie kies, wat op hulle beurt die skoolraad en inspekteur oor onderwyssake moes inlig en verbeteringe aan die hand moes doen[1].

(2) Wysiging in die Smuts-wet en nuwe Regulasies.

Op 1 Januarie 1912 het die gewysigde Taalordonnansie, no.5 van 1900, in werking getree[2]. Hierdie Ordonnansie het sy oorsprong in artikel 137 van die Unie-wet en het die gelykwaardigheid van die twee offisiële tale, Hollands en Engels, vasgestel. Die taalbepalinge in die bestaande Smuts-wet is soos volg gewysig: Die huistaal sal die verpligte medium van aanvangsonderwys op skool wees; die tweede taal (Engels of Hollands) kan as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang, en die eertydse verpligting omtrent Engels as voertaal verval; vanaf st.5 kan die tweede voertaal ingevoer word[3].

Die verhoging van die ouderdom vir verpligte skoolbesoek na 15 jaar of st.5, wat in 1912 deur middel van Ordonnansie no.7 ingevoer is, was 'n tweede belangrike wysiging wat sy invloed op die onderwys laat geld het. Verder is ook 'n subsidie aan privaatskole met minstens 10 leerlinge in vooruitsig gestel, en vaste beamptes van skoolrade is benoem[4].

Deur middel van Administrateurskennisgewing van 11 April 1911 is sekere wysigings in die regulasies

1. Snyman: Histories - kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van blankes in Marico 1848-1948, 125.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 124. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 9 April 1912, 2-5.
3. Coetzee: a.w., 124.
4. Idem.

betreffende laerskole vir blankes aangebring waardeur die leergange in sekere vakke vereenvoudig is. In 1913 is hersiene leerplanne vir buiteskole uitgegee met die doel om die leergange te vereenvoudig, waardeur die onderwys beter aangepas kon word by die plattelandse omgewing[1].

In 1911 is verder belangrike wysigings aangebring rakende klasse vir voortgesette onderwys. Die bedoeling was om die onderwys van die openbare skole voort te sit of aan te vul. Hierdie soort onderwys sou onder die skoolraad ressorteer, terwyl die leerkursusse, die tyd aan klasse gewy, die organisasie en administrasie van die klasse noukeurig omskryf is[2].

(3) Skoolraad en sentralisasie.

Die dienstermyn van die eerste skoolraad van Wolmaransstad, ingestel onder die Smuts-wet, was in 1910 verstreke. In Julie 1910 is die eerste skoolraad na Unifikasie soos volg saamgestel: Ds. Van der Horst (voorsitter), di. Van den Heever en Faustmann, die here C. Brink, L.E.L. Mussmann, T. Leask, J. Greyling, W.B. Badenhorst en genl. Du Toit met die heer H.W.R. Kluever heraangestel as sekretaris[3].

Waar die Raad hom tot 1910 hart en siel beywer het vir sentralisasie, omdat dit die algemeen aanvaarde beleid was, vind ons na hierdie datum 'n geleidelike verslapping in sy ywer om die kleiner skooltjies te sentraliseer. Die Raad was nou heel dikwels bereid om nuwe skole te open nadat deeglike ondersoek ingestel is en dit geblyk het dat die betrokke ouers se

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 125.
2. Idem.
3. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 17 Julie 1910. Sommige lede se voorletters ontbreek.

versoek billik was. So het die Raad byvoorbeeld die opening van 'n skool op Leeuwkop op 21 April 1914 goedgekeur nieteenstaande die jaarlange beswaar van die ouers op Zendelingsfontein en Kareeboschkuil dat hierdie besluit hulle skole nadelig sou tref[1]. Die aansoek van die ouers van Doornbult is deur raadslede Van der Horst en Du Toit ondersoek. Hulle het by die Raad aanbeveel dat 'n skool op Brandewynskuil geopen word[2].

'n Verdere verslapping van die oordrewe sentralisasiebeleid is merkbaar uit die aantal privaat- en ondersteunde skole wat gedurende hierdie tydperk ontstaan het, nl.

1911 Doorndam en Rooipoort (heropen)[3],
1913 Kareepan[4],
1914 De Put en Cyfergat[5].

In sy rapport van 1914 meld inspekteur Botha dat waar die neiging voorheen was om sentralisasie met fanatisme deur te voer, dit nou vir hom nodig word om in die teenoorgestelde rigting te waarsku dat die opening van te veel klein skooltjies die voortbestaan van gevestigde skole bedreig[6]. Losiesbeurse is toegeken in soverre as wat die geld dit

---

1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 28 Okt.1913.
   Ibid., 2 Desember 1913.
   Ibid., 21 April 1914.
2. Ibid., 2 Des.1913
   Ibid., 16 Febr.1914.
3. Ibid., 24 Jan. 1911.
   T.E.D.:Report for the year 1911, 37.
4. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 18 Febr. 1913.
   T.E.D.:Report for the year 1913, 36.
5. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 10 Febr. 1914.
   T.E.D.:Report for the year 1914, 44.
6. T.E.D.:Report for the year 1914, 81.

toegelaat het, en die Raad het hom beywer vir die oprigting van koshuise[1], maar die verskaf van vervoer het die meeste aandag geniet[2]. Skole is gewaarsku dat hulle gesluit sou word as hulle aantal kinders daal benede die minimum wat vereis word[3].

(4) Skole geopen en gesluit, 1911-1917.

Gedurende die tydperk 1911-1917 het die skole in die distrik nog nie 'n permanente karakter gehad nie. Die opening en sluiting van skole moet toegeskryf word aan die feit dat die inwoners nog heelwat rondgetrek het.

Op die vergadering van die Skoolraad op 24 Januarie 1911 is besluit om erkenning te verleen aan die volgende skole[4]:

Makwassie, met hoof C.P.Roos;
Vlakkraal, met hoof C.L. Pienaar;
Doorndam ondersteunde skool.

Gedurende 1913 het die Skoolraad die volgende skole goedgekeur[5]:

Vogelstruiskuil, met hoof mej. S.M.Kriel;
Kingswood, met hoof J.G. van Niekerk;
Rietpan, met hoof J.H. Reinders;
Kareepan ondersteunde skool.

Die ouers van Leeuwkop het die Skoolraad genader om by hulle 'n skool op te rig, en nadat ondersoek ingestel is, is aan hulle versoek voldoen. Die eers-

1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 14 Jan. 1913 en 19 Mei 1914.
2. Ibid., 14 Jan. 1913.
3. Idem.
4. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 24 Jan.1911. T.E.D.:Report for the year 1911, 37.
5. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 18 Febr.1913. T.E.D.:Report for the year 1913, 35-36.

te onderwyser was C. van der Merwe[1]. Op 10 Februarie 1914 besluit die Raad om aan die ouers van Spioenkop ŉ skool toe te staan deur die heropening van Katboschfonteinskool, wat gunstig geleë was om die hele gebied te bedien[2]. Gedurende 1914 is Kareepan, met J.M. Mans as onderwyser, erken as ŉ goewermentskool, terwyl De Put geopen is as ŉ privaatskool[3].

Gedurende 1915 is ŉ skool geopen op Vlakfontein, met G.S. Maritz as onderwyser, nadat die kommissie van ondersoek van die Raad bevind het dat die ouers van Frischgewaagd hulle kinders ook daarheen kon stuur[4].

Gedurende 1916 is skole geopen te Driefontein, met hoof mev. M.H. Füssl, en Honingkrans, met hoof J, V. Coetzee[5], terwyl die volgende drie skole in 1917 ontstaan het[6]:

Brakpan, met hoof J.L. du Plessis;
Graafwater, met hoof G.J.Stols;
Klipkuil, met hoof J. Füssl.

(5) Stand van die Onderwys teen 1917.

Met sy vertrek uit hierdie inspeksiekring in 1917 noem inspekteur Botha onder andere die volgende sake wat die algemene toestand van die onderwys goed weergee:

(a) Sentralisasie.

Die ywer waarmee hierdie saak aan die begin aan-

---

1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 21 Apr. 1914. T.E.D.: Report for the year 1914, 44.
2. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 10 Febr. 1914. T.E.D.: Report for the year 1914, 44.
3. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 10 Febr.1914. T.E.D.: Report for the year 1914, 44.
4. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 19 Mei, 1914. T.E.D.: Report for the year 1915, 52.
5. T.E.D.: Report for the year 1916, 63.
6. Ibid., 1917, 86.

gepak is, is tans uitgedoof weens die teleurstellings. Die meeste voorgestelde skemas het nooit in werking getree nie, omdat hulle onprakties was. Die enigste geslaagde vervoerskema in die Wolmaransstadse distrik was die te Kareeboschkuil, waar 'n aansienlike aantal kinders met 'n wa en donkies of muile vervoer word. Die mislukkings skryf hy toe aan die verkeerde metodes wat toegepas word. Hy wys op die menigvuldige ontberings wat kinders moet deurmaak onder ongunstige weerstoestande en bepleit die oprigting van koshuise waar kinders behoorlik gehuisves kan word[1]. Volgens die inspekteur kan sentralisasie nie die eenmanskool uitskakel nie, want klein kindertjies tot 10 jaar behoort nog in die ouerhuis te wees[2].

(b) Personeel.

Die verhouding tussen die aantal gesertifiseerde en ongesertifiseerde onderwysers staan ongunstig, hoewel daar heelparty diensdoende leerkragte is wat hulle op privaatstudie toelê om 'n diploma te verwerf. Opleidingskursusse behoort verkort en vereenvoudig te word om meer rekrute tot die onderwys te trek[3].

(c) Peil van onderwys.

Die peil van die onderwys het die voorafgaande jare geleidelik gestyg en word nou gehandhaaf. Die vooruitgang word egter deur omstandighede buite die beheer van die onderwyspersoneel gestrem. Die onbevredigende wyse waarop boeke en materiaal verskaf word, werk ook nadelig in op die goeie verloop van sake[4].

1. T.O.D.: Verslag over het jaar 1917, 122.
2. Idem.
3. Ibid., 124.
4. Idem..

b. Die opkoms van delweryskole, 1918-1928.

Delwerye in Wes-Transvaal het ontstaan kort na die totstandkoming van die Unie[1]. Die eerste delwerye in die Wolmaransstadse distrik het na die Eerste Wêreldoorlog ontstaan toe die mense van die Rebellie af teruggekeer het[2]. Die sametrekking van delwersgroepe op die plase waar diamante te vinde was, het tot gevolg gehad dat skole orals opgerig moes word om in die nuwe behoeftes te voorsien.

In sy rapport van 1918 meld inspekteur N.Hofmeyr dat skole soos paddastoele ontstaan om weer net so gou te verdwyn. Die grootste deel van sy inspeksiekring skyn met diamantdraende grond geseën - of liewer vervloek - te wees[3]. 'n Grootskaalse gebrek aan doeltreffende geboue is ondervind, sodat die onderwys dikwels baie nadelig getref is[4].

Die volgende skole is geopen en gesluit gedurende die jare 1918 - 1928, wat as die bloeitydperk van die delwerye in hierdie distrik beskou word:

1918[5]: De Put, met hoof mev. G.M. Joubert;
Doornbult, met hoof mej. M.C. Smit;
Doorndam, met hoof A.D.Botha;
Hollowaysrust, met hoof J.P. du Plessis;
Modderkraal, met hoof mej. C.van Niekerk.

1919[6]: Mietjesdoorns, met hoof C.J.Uys;
die skole op Katboschfontein, Honingkrans en Brakpan het tydelik aan die einde van 1918 gesluit maar weer heropen gedurende Januarie 1919.

1. Meegedeel deur mnr.N.J.van Rensburg, oud-delwer, dat hy in 1911 reeds op Bloemhof gedelf het.
2. Meegedeel deur mnr.P. Uys, oud-delwer van die distrik.
3. T.O.D.: Verslag over het jaar 1918, 126.
4. Idem.
5. Ibid., 53.
6. Ibid., 1919, 44.

1920[1]: Rietkuil-delwerye, met hoof J.H.E.Dykman;
Cyfergat (heropen), met hoof J.C.Welgemoed;
die skole op Rietpan en Vlakkraal is gedurende die jaar tydelik gesluit.

1921[2]: Knapdaar, met hoof A.D.Botha;
ondersteunde skool op Lakensvlei;
die skole op Rietpan en Vlakkraal het heropen;
P.J.Hoogenhout volg N.Hofmeyr op as inspekteur.

1922[3]: Leeuwbosch, met hoof J.C.Potgieter.

1923[4]: Cyferfontein-delwerye, met hoof E.J.van Rensburg; die skole op Palmietfontein en Vlakfontein het gedurende die jaar gesluit.

1924[5]: Palmietfontein, met hoof J.C.Coetzee;
die skool op De Put is gesluit.

1925[6]: Boskuil-delwerye, met hoof J.H.Barnard;
W.F.Schoon volg Hoogenhout op as inspekteur[7].

1926[8]: Strydpoort, met hoof J.E. de Wet;
Driefonteinskool sluit.

1927[9]: Mietjesdoorns sluit;
W.J.Geerling volg Schoon op as inspekteur[10].

1928[11]: Doornplaat, met hoof M.C. Wissing;
Klipplaatsdrift, met hoof A.T.McDonald;
Uitkykskool sluit.

Hoewel die delweryskole dikwels ontwrigting in die organisasie van die onderwys in die distrik tot

1.T.O.D.:Verslag over het jaar 1920, 73 en 75.
2. T.O.D.:Verslag vir die jaar 1921
3. Ibid., 1922, 30.
4. Ibid., 1923, 64.
5. Ibid.. 1924, 31-32.
6. Ibid., 1925, 43.
7. Ibid., 21
8. Ibid., 1926, 36-37.
9. Ibid., 1927, 33.
10.Ibid., 1927, 118.
11.Ibid., 1928, 19.

gevolg gehad het, tog moet die ontstaan van hierdie skole gesien word as vrywillige sentralisasie, waardeur die aantal eenmanskole in 1927 gedaal het van 16 tot 7[1].

c. Die laaste fase van sentralisasie, 1932-1952.

(1) Nuwe onderwysbeleid.

In 1932 het die idee van sentralisasie van die onderwys onder die druk van geldskaarste sterk oplewing begin toon. Die besoek aan Transvaal van mnr. S.J.Botha, hoof van die Moffatinstituut op Seodin, het tot gevolg gehad dat daar meer aandag aan konsentrasie van die onderwys in die vorm van skoolplase en sentrale skole gegee is[2].

Vanaf 1934 is die beleid van sentralisasie met meer mag aangepak en deurgevoer. Vervoerskemas is uitgebrei, beurse is toegestaan, en koshuise is opgerig sowel by skoolplase as by die gesentraliseerde plaasskole. Hierdie beleid is kragdadiglik ondersteun deur die konferensie oor "Landelike onderwys" in Kaapstad en ook die kerklike kongres op Rustenburg in 1934 in verband met die opheffing van die veragterende deel van die Afrikaanse volk[3].

Terwyl onderwysvraagstukke so onder die vergrootglas geneem is, word mnr. S.P.Bekker in Maart 1934 tot Administrateur van Transvaal benoem en het hy al gou te kenne gegee dat hy van plan was om baie aandag aan die onderwysvraagstukke te skenk. Die Departement het ook in dieselfde jaar 'n sentralisasiebeampte in die persoon van R.S.Ferreira aangestel om

1. T.O.D.:Verslag vir die jaar 1927, 118.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 180.
3. Ibid., 187.
   Van der Merwe: Geskiedenis van Onderwys in Rustenburg, 139.

die beleid prakties uit te voer[1].

(2) Skoolraad ten gunste van ŉ skoolplaas en sentralisasie.

Die Wolmaransstadse Skoolraad was ten gunste van die oprigting van ŉ skoolplaas in die distrik. ŉ Kommissie deur die Raad benoem om op die saak in te gaan, het aanbeveel dat die plase Liebenwerda, Rooipoort en Cyfergat die beste moontlikhede vir die doel bied[2]. Die Raad was ook die sentralisasiebeleid goedgesind maar wou dit graag aanpak in oorleg met die betrokke skoolkommissies[3].

In 1935 het daar reeds drie vervoerskemas bestaan, nl.[4]:

Cyfergat - Leeuwdoornsstad - motorvervoer;
Rietkuil - Kareepan - donkievervoer;
Modderkraal - Baviaanskrans - motorvervoer.

Die Raad het aan die Departement gerapporteer dat die twee skemas waar van motorvervoer gebruik gemaak word, geslaagd is maar het hom ten sterkste uitgespreek teen die Rietkuil-Kareepan-skema, waar van donkies gebruik gemaak is.

Op 5 Mei 1936 het D.J. Theunissen en ds. J.P. van den Berg die konferensie oor sentralisasie in Pretoria bygewoon[5], en op 20 Mei 1936 het die sentralisasiekommissie van die Skoolraad ŉ onderhoud met die Administrateur gehad[6].

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 187. Van der Merwe: Geskiedenis van Onderwys in Rustenburg, 140.
2. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 27 Mei 1935.
3. Ibid., 14 Mei 1936.
4. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 27 Jun.1935.
5. Ibid., 23 Apr. 1936.
6. Ibid., 18 Jul. 1936.

(3) R.S.Ferreira rapporteer aan die Skoolraad.

Die sentralisasiebeampte, R.S. Ferreira, het op 24 September 1936 sy planne aan die Raad voorgelê[1], maar weens teenkanting van die voorsitter en sommige skoolkommissies was dit vir hom nodig om die skemas weer nader te gaan ondersoek. Die volgende voorstelle is op die Raadsvergadering van 29 Oktober 1936 voorgelê[2]:

(a) Leeuwdoornsstad as sentrum.

(i) Wildebeestkantoor, met busroete 11.4 myl;
(ii) Rietvallei, met busroete 10 myl;
(iii) Harrisburg, met busroete 13 myl;
(iv) Klipkuil, met busroete 12 myl;
(v) Diepkuil - 'n brug oor die spruit moet gebou word;
(iv) Klipfontein, met roete langs Kommandodrift/Leeuwdoornsstad-grootpad

(b) Makwassie as sentrum.

(i) Gedeeltes van Klipfontein, Rietvallei en Bezuidenhoutskraal, met busroete 14.3 myl;
(ii) Karreefontein, met busroete 16.7 myl;
(iii) Knapdaar, met busroete 14.4 myl.

(c) Wolmaransstad as sentrum.

(i) Gedeelte Bezuidenhoutskraal, met busroete 12 myl;
(ii) Leeuwfontein, met busroete 10.4 myl;
(iii) Strydpoort, met busroete 17.75 myl.

1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 24 Sept. 1936.
2. Ibid., 29 Okt. 1936.

(d) Baviaanskrans as sentrum.

Klipplaatsdrift, met busroete 12 myl.

(e) Kareeboschkuil as sentrum.

Palmietfontein, met busroete 7 myl.

(f) Ottosdal as sentrum.

(i) Rietkuil, met busroete nog te bepaal;

(ii) Kliprif, met busroete nog te bepaal.

(g) Vleeskraal as sentrum.

(i) Katboschfontein, met busroete 17.4 myl;

(ii) Brakpan, met busroete nog te bepaal.

(h) Die volgende skole word voorlopig nie onder die skema oorweeg nie:
Doornplaat, Wolvenspruit, Doornbult, Boskuil, Rietpan, Kareepan, Welverdiend en Cyferfontein.

(4) Instelling van busskemas, 1937-1942.

Petisies van die kant van die ouers van die meeste skole wat vir sentralisasie aanbeveel is, het ingestroom, en 'n storm van verontwaardiging het losgebars teen die amptenaar van die Departement en die Skoolraad wat die voorgestelde skemas goedgekeur het. Die slag was egter gelewer, en vanaf die begin van 1937 het die meeste van die skemas reeds in werking getree, nl.[1]:

| | Aantal Leerl. | Kontrakprys. | Mylafstand. |
|---|---|---|---|
| (a) Rietkuil-Kareepan | 20 | 7-8 | 6.1 |
| (b) Cyfergat-Leeuwdoornsstad | 40 | 1-4-6 | 13 |
| (c) Oersonskraal-Makwassie | 30 | 1-2-6 | 8.2 |
| (d) Modderkraal-Baviaanskrans | 45 | 1-10-0 | 14 |
| (e) Strydpoort-Wolmaransstad | 40 | 1-10-0 | 17.75 |

1. T.O.D: Verslag vir die jaar 1937, 236.

| | Aantal Leerl. | Kontrak-prys. | Mylaf-stand. |
|---|---|---|---|
| (f) Leeuwfontein-Wolmaransstad | 45 | 1- 5-0 | 10.4 |
| (g) Rietvallei-Leeuwdoornsstad | 35 | 1- 7-6 | 10 |
| (h) Palmietfontein-Kareebosch-kuil. | 45 | 1- 4-0 | 7.3 |
| (i) Kareebosfontein-Kingswood | 27 | 19-3 | 14.5 |

Gedurende 1938 het die volgende skemas bygekom[1]:

| | Aantal Leerl. | Kontrak-prys. | Mylaf-stand. |
|---|---|---|---|
| (a) Knapdaar-Makwassie | 45 | 1-2-6 | 14.4 |
| (b) Rietpan-Kareepan | 35 | 1-5-0 | 15. |
| (c) Zoutpan-Karreefontein | 100 | 1-0-0 | 3.5 |
| (d) Zoutpan-Rietpan | | | 4.5 |

In die loop van die volgende jaar is die volgende skemas ingestel[2]:

| | Aantal Leerl. | Kontrak-prys. | Mylaf-stand. |
|---|---|---|---|
| (a) Klipfontein 45-Leeuw-doornsstad | 45 | 1-8-6 | 17 |
| (b) Vlakkraal-Kingswood | 40 | 1-3-0 | 16.5 |
| (c) Klipfontein 49-Karee-boschkuil | 40 | 1-9-0 | 12.2 |
| (d) Leeuwbosch-Leeuwdoornsstad | 36 | 1-3-0 | 12 |
| (e) Doornfontein-Wolmaransstad | 35 | 1-0-0 | 13 |
| (f) Bosplaas-Welverdiend | 30 | 1-6-6 | 16.4 |

Gedurende 1940 is geen nuwe skemas ingestel nie.

In 1941 en 1942 is die volgende drie skemas ingevoer[3]:

---

1. T.O.D.: Verslag vir die jaar 1938, 138.
2. Ibid., 1939, 217.
3. Ibid., 1941, 156 en 1942, 112.

| | Aantal Leerl. | Kontrak-prys. | Mylaf-stand. |
|---|---|---|---|
| (a) Vaalbank-Doornbult | 23 | 1-2-6 | 14 |
| (b) Vlakfontein-Cyferfontein | 33 | 1-3-0 | 12.5 |
| (c) Makwassie-Wolmaransstadse Hoërskool | 18 | 18-8 | 9.9 |

(5) Uitwerking van sentralisasie op die aantal skole en inskrywing.

Die volgende tabelle toon aan die skole met hulle inskrywing en die hoof vir die onderskeie jare.

(Kyk tabelle op bladsy 141 - 142.)

Uit die tabelle blyk dat die aantal skole in 1920 en 1930 konstant gebly het op 40 om daarna met die helfte te verminder tot 21 in 1940. Verdere busskemas wat na 1940 ingestel is, het die aantal skole met nog byna die helfte laat verminder aangesien daar in 1952 slegs 12 skole in die distrik bestaan het. Die totale inskrywing het in 1920 op 2361 gestaan, sy maksimum van 2425 bereik in 1930 terwyl dit in 1940 gedaal het tot 2111 en in 1952 op 1899 gestaan het. Die gunstige posisie in 1920 en 1930 moet aan die delweryskole toegeskryf word terwyl die daling van die aantal leerlinge na 1940 gesien moet word as 'n gestadige ontvolking van die platteland.

In 1952 het die volgende vervoerskemas in die distrik bestaan:

| Baviaanskrans: | aantal leerlinge. | kontrak-prys. | mylaf-stand. |
|---|---|---|---|
| Modderkraal | 37 | £3.13.6 | 15 |
| Klipplaatsdrift | 34 | £3.11.6 | 15.2 |
| Cyferfontein: | | | |
| Vlakfontein | 15 | £1.7.6. | 11.1 |
| Uitvalgrond | 23 | £3.5.0 | 12.4 |

| Skool. | Hoof. 1920 | Insk. | Hoof. 1930 | Insk. | Hoof. 1940 | Insk. | Hoof. 1952. | Insk. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Baviaanskrans | **A.J.Louw** | 41 | J.A.Coetzee | 39 | J.A.Coetzee | 49 | J.A.Coetzee | 83 |
| Bezuidenhoutskraal | W.J.Jooste | 43 | C.F.Bruwer | 37 | - | - | - | - |
| Boskuil | - | - | J.Coetzee | 79 | J.S.Naude | 70 | - | - |
| Brakpan | I.P.Boonzaier | 32 | J.Calitz | 42 | - | - | - | - |
| Cyfergat | J.C.Welgemoed | 25 | F.H.Bosch | 45 | - | - | - | - |
| Cyferfontein | - | - | J.C.Coetzee | 95 | J.C.Coetzee | 40 | J.D.v.d.Merwe | 42 |
| De Put | A.J.Coetzee | 24 | - | - | - | - | - | - |
| Diepkuil | C.Koeleman | 21 | C.J.S.Rademeyr | 33 | C.J.S.Rademeyr | 33 | - | - |
| Doornbult | P.B.Bosch | 39 | P.J.v.d.Walt | 45 | A.D.Bosman | 40 | J.F.Labuschagne | 57 |
| Doornplaat | - | - | M.C.Wissing | 40 | P.J.Reynders | 31 | - | - |
| Doornpan | H.J.van Wyk | 50 | - | - | - | - | - | - |
| Driefontein | A.P.Jordaan | 22 | - | - | - | - | - | - |
| Graafwater | T.L.le Roux | 27 | - | - | - | - | - | - |
| Honingkrans | A.D.Botha | 19 | - | - | - | - | - | - |
| Kareeboschkuil | G.D.v.d.Merwe | 119 | S.E.P.Gerneke | 71 | S.E.P.Gerneke | 97 | S.E.P.Gerneke | 55 |
| Karreefontein | C.J.P.le Roux | 42 | C.J.P.le Roux | 45 | J.J.v.Jaarsveld | 35 | - | - |
| Kareepan | M.J.Maree | 64 | P.R. Gauché | 86 | P.R. Gauché | 103 | R.J.M.du Plooy | 36 |
| Katboschfontein | J.L.Papenfus(v) | 27 | P.B.Nieuwenhuizen | 35 | - | - | - | - |
| Kingswood | H.van Rooyen | 69 | H.van Rooyen | 48 | H.van Rooyen | 84 | M.J.le Roux | 83 |
| Klipfontein | N.F.Lindes | 37 | H.G.Johnson | 35 | - | - | - | - |
| Klipkuil | J.Füssl | 32 | P.J.Louw | 33 | J.F.Joubert | 44 | - | - |
| Klipplaatsdrift | - | - | H.P.Vos | 28 | H.P.Vos | 39 | - | - |
| Kliprif | J.R.Botha | 44 | J.A.Gerber | 38 | J.D. Cilliers | 24 | - | - |
| Knapdaar | - | - | A.D.Botha | 42 | - | - | - | - |
| Leeuwdoorns | J.F.C.Maartins | 66 | B.Groenewald | 116 | B. Groenewald | 232 | S.H.Friis<br>A.A.C.du Preez (v/h) | 379 |
| Leeuwbosch | - | - | W.J.du Plooy | 32 | - | - | - | - |
| Leeuwfontein | J.H.le Roux | 65 | J.H.le Roux | 44 | - | - | - | - |
| Leeuwkop | C.Grobbelaar | 50 | C.Grobbelaar | 28 | - | - | - | - |

(Tabel vervolg).

| Skool. | Hoof. 1920 | Insk. | Hoof. 1930 | Insk. | Hoof. 1940 | Insk. | Hoof. 1952 | Insk. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Makwassie | C.P.Roos | 177 | J.G.v.Niekerk | 198 | J.G.van Niekerk | 239 | J.D.Hugo<br>C.van Zyl (v/h) | 272 |
| Mietjesdoorns | M.E.Schlebusch | 25 | - | - | - | - | - | - |
| Modderkraal | J.N.du Plessis | 37 | J.D. Cilliers | 36 | - | - | - | - |
| Palmietfontein | G.S. Maritz | 36 | E.J.v.Rensburg | 39 | - | - | - | - |
| Rietkuil 22 | G.F. Combrink | 36 | L.J. de Beer | 34 | - | - | - | - |
| Rietkuil 138 | J.H. Dykman | 182 | J.Z.de Villiers | 44 | - | - | - | - |
| Rietpan | - | - | T.P.v.d.Walt | 30 | - | - | - | - |
| Rietvallei | O.A.L.Meyer | 55 | A.M.Sadie | 37 | - | - | - | - |
| Rooipoort | J.D.Pretorius | 33 | J.F.Penning | 25 | - | - | - | - |
| Strydpoort | - | - | J.D.Joubert | 49 | - | - | - | - |
| Uitkyk | J.D. Joubert | 27 | - | - | - | - | - | - |
| Vlakfontein | J.G. Uys | 33 | - | - | - | - | - | - |
| Vliegenkraal | J.H.Loubser | 18 | - | - | - | - | - | - |
| Vogelstruiskuil | E.G.Hauman | 39 | C.P.Marais | 16 | - | - | - | - |
| Welverdiend | P.J.Retief | 35 | P.H.J.du Toit | 48 | P.H.J.du Toit | 54 | P.H.J.du Toit | 44 |
| Wildebeestkantoor | H.J.Walters | 54 | H.J.Uys | 39 | B.C. Groenewald | 32 | - | - |
| Witpoort | F.G. Lutz | 115 | D.J.Brink | 109 | D.J.Brink | 118 | H.J.S.Scholtz | 57 |
| Wolmaransstad Hoër | - | - | E.Steyn | 157 | F.E.Bauling | 267 | J.R. Malan<br>S. Gerber (v/h) | 377 |
| Wolmaransstad Laer | W.F.Schoon | 355 | J. Lategan | 307 | J. Lategan | 423 | P.H.S. van Zyl<br>J.C. Coetzee (v/h) | 414 |
| Wolvenspruit | D.S.v.d.Merwe | 77 | J.J.Els | 73 | J.J.Els | 57 | - | - |
| Zendelingsfontein | J.G.v.Niekerk | 69 | J.J.Terblanché | 48 | - | - | - | - |
| Totale aantal skole | 40 | | 40 | | 21 | | 12 | |
| Totale aantal leerlinge | 2361 | | 2425 | | 2111 | | 1899 | |

| | aantal leerlinge | kontrak-prys. | mylaf-afstand. |
|---|---|---|---|
| Doornbult: | | | |
| Vaalbank | 30 | £4.0.0. | 18.1 |
| Commandodrift | 20 | £3.7.6 | 13.5 |
| Kareeboschkuil: | | | |
| Klipfontein | 36 | £4.11.0 | 18.4 |
| Kareepan: | | | |
| Rietpan | 22 | £4.0.0 | 18.4 |
| Kingswood: | | | |
| Vlakkraal | 23 | £4.1.0 | 18 |
| Kareeboschfontein | 25 | £3.18.9 | 20 |
| Leeuwdoornsstad: | | | |
| Welgegund | 20 | £3.0.0 | 11.8 |
| Klipfontein | 39 | £5.2.6 | 19.5 |
| Wildebeestkantoor | 54 | £3.14.6 | 15.5 |
| Diepkuil | 35 | £4.16.0 | 18.6 |
| Klipkop | 58 | £4.8.0 | 19.9 |
| Makwassie: | | | |
| Commandodrift | 33 | £4.10.0 | 18.4 |
| Zoutpan | 42 | £4.5.0 | 18.2 |
| Uitkyk | 69 | £4.2.0 | 17.1 |
| Hartebeestpan | 26 | £4.6.0 | 20.2 |
| Welverdiend: | | | |
| Bosplaas | 37 | £4.8.6 | 21 |
| Wolmaransstad Laer: | | | |
| Leeuwfontein | 44 | £4.4.6 | 19.1 |
| Strydpoort | 45 | £5.0.0 | 19.8 |
| Wolmaransstad Hoër: | | | |
| Makwassie | 42 | £2.15.0 | 10.3 |

Die skoolraadsdistrikte Bloemhof, Christiana, Schweizer-Reneke en Wolmaransstad is ook in 1947 gesentraliseer met kantoor te Wolmaransstad. Die volgende persone het sedert 1907 opgetree as sekretaris van die Wolmaransstadse Skoolraad: mnre. H.W.R. Kluever, F. Meintjies, B. Lubbe en J.H. Bensch.

Vanaf die dertiger jare het die volgende inspekteurs in die Wolmaransstadse inspeksiekring opvoedkundige leiding geneem: J.Blom, N.H. Schoute Vaneck, W.M. de Villiers, T.W. Jandrell, T. le Roux, A. Stoffberg en J.H. van Dyk.

## 2. Ontwikkeling van middelbare onderwys, 1910-1952.

### a. Sekondêre afdeling verbonde aan die Wolmaransstadse Laerskool.

In sy rapport meld inspekteur Botha in 1910 dat 'n begin gemaak is met die instelling van sekondêre afdelings by die groter skole en in sommige gevalle selfs, teenstrydig met die regulasie, ook by die kleinere plaasskole. Hy noem spesiaal die sekondêre afdeling wat aan die plaaslike laerskool verbonde was, met mnr. C.A.Winter as hoof[1].

In Januarie 1913 het mnr F. Stander[2] hoof van die skool geword, om in April 1917 opgevolg te word deur mnr. W.F.Schoon[3]. Die aantal leerlinge het geleidelik gestyg tot 360 in Januarie 1920[4].

In 1917 het inspekteur Botha die beleid om middelbare afdelings goed te keur aan die skole met meer as 100 leerlinge beskou as 'n ramp vir die onderwys. "Dit beteken niks anders as verbrokkeling van energie, verspilling van kragte en 'n uiteindelike fiasko". Die skole wat reeds middelbare onderwys verskaf, behoort beter toegerus te word, koshuise moet gebou en ruim beurse toegeken word, sodat die leerlinge van die distrik hulle opleiding hier kan geniet[5].

### b. Die Wolmaransstadse Hoërskool, 1921-1952.

#### (1) Afstigting van die Wolmaransstadse Hoërskool.

Hoofsaaklik as gevolg van die goedgesindheid van

1. T.E.D: Report for the year ended 30th June, 1910, 113. Joernaal Wolmaransstadse Laerskool, 18 Jan. 1910.
2. Joernaal Wolmaransstadse Laerskool, 21. Jan. 1913.
3. Ibid., 10 April 1917.
4. Ibid., 6 April 1920.
5. T.O.D: Verslag voor het jaar 1917, 123.

wyle mnr. T.C.Stoffberg, L.U.K., slaag die agitasies vir 'n hoërskool op Wolmaransstad op 21 Augustus 1921, wat beskou moet word as die geboortedag van die skool[1]. Op 25 Augustus het mnr. T.C.Botha hoof geword van die laerskool, terwyl mnr. Schoon diens aanvaar het as eerste hoof van die afgestigte hoërskool, wat toe 75 leerlinge gehad het en gehuisves was in die sinkgebou-afdeling op dieselfde terrein[2]. Die eerste personeel van die hoërskool het bestaan uit[3]: W.F.Schoon (hoof), N.M.Boonzaaier, W.J. Erlank, S.S. van Huysteen en G. van Wageningen. Die eerste Beherende Liggaam was soos volg saamgestel[4]: ds. E.J.J. van der Horst (voorsitter) en die here J. J. Hoffman, A.J. van Deventer, J.J. Wolmarans, N.P. Fourie, T.S. Leask, C.H. Bornm..., A.J.P. Roos en J. van der Merwe, met H.W.R.Kluever as sekretaris.

(2) <u>Nuwe geboue word in gebruik geneem,1928</u>.

Grootliks as gevolg van die onvermoeide ywer van mnr. L.M. Wentzel as L.P.R. en ds. P. van der Hoven as voorsitter van die Beherende Liggaam kon die nuwe geboue op die huidige terrein in 1928 betrek word[5]. Hulle is ook kragdadig bygestaan deur mnr. E.Steyn, wat mnr. Schoon opgevolg het as hoof toe laasgenoemde in 1925 aangestel is as inspekteur[6]. Op 9 Maart is die nuwe skool amptelik in gebruik geneem, met 'n inskrywing van 138 leerlinge. Die Administrateur, mnr. Hofmeyr, die Direkteur van Onderwys, mnr. Scott die voorsitter van die Beherende Liggaam, ds. Van der

1. Jaarblad Wolmaransstadse Hoërskool, Kwarteeu-uitgawe, 1921-1946, 7.
2. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 12/9/1921. Jaarblad Wolmaransstadse Hoërskool, Kwarteeu-uitgawe, 1921-1946, 7.
3. Idem. Van hierdie personeellede is mnr.Boonzaaier vandag nog aan die skool werksaam.
4. Notule Beherende Liggaam, 20 Okt. 1921.
5. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 25 Jan.1928.
6. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 13 Maart 1925.

Hoven, asook ds. Van der Horst en die here P.I. Hoogenhout, Schoon, L.Wentzel en A.J. de Vos was teenwoordig[1]. In dieselfde jaar het die skool op sy eie kleure: ou goud, swart en wit, besluit, met die leuse: "Dink en Doen", en skoollied: "Uit die blou Makwassieberge".

Die personeel het in 1928 bestaan uit[2]: E.Steyn (hoof), F.E.Bauling, D.J.Theunissen, N.M.Boonzaaier, V.Hesse, H.A. du Toit, H.A. Knaap en mej. C.J.Joubert.

In 1934 het mnr. Steyn ook inspekteur van skole geword[3] en is tans hoofinspekteur in die Transvaal. Hy is opgevolg deur mnr. F.E.P.Bauling[4], wat aan die hoof van die skool gestaan het tot aan die einde van 1949[5], om vanaf Junie 1950 opgevolg te word deur die huidige hoof, mnr. J.R. Malan[6]. Mnr. Gerber beklee die vise-hoofskap sedert die instelling van die pos in 1944[7].

(3) Mondigwording van die hoërskool, 1942.

In 1942 het die hoërskool sy mondigwording gevier, by welke geleentheid nuwe klaskamers deur sy edele, die Administrateur, generaal J.J.Pienaar, geopen is. Mnre. H.H.G. Kreft, Direkteur van Onderwys, H.Pentz, Provinsiale Sekretaris, Barnard en Goodman, lede van die Uitvoerende Komitee, Brune, hoofpadinspekteur, W.F. Schoon en E. Steyn, vorige hoofde van die skool, T.W. Jandrell, plaaslike inspekteur van Onderwys, T. S. Leask, C. Bornman en ds. Van der Horst, lede van

---

1. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 9 Maart 1928.
2. Ibid., 25 Jan. 1928.
3. Ibid., 31 Aug. 1934.
4. Ibid., 3 Sept. 1934.
5. Ibid., 9 Des. 1949.
6. Ibid., 1 Aug. 1950.
7. Ibid., 1 Aug. 1944.

eerste Beherende Liggaam, was ook by die geleentheid teenwoordig[1].

Die skool se inskrywing het in 1943 gestyg van 266 tot 333 as gevolg van die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement om die st.6-klas van die dorpskool na die hoërskool oor te plaas[2].

(4) <u>Die hoërskool herdenk 'n kwarteeu lange bestaan, 1946</u>.

In 1946 was die skool 'n kwarteeu oud en kon hy daarop roem dat reeds 495 leerlinge die st.10-eksamen met goeie gevolg afgelê het. Dat die opvoeding aan die leerlinge tot hoër ideale geïnspireer het, blyk uit die volgende gegewens, wat die rigtinge aandui waarin oud-leerlinge gepresteer het[3]:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Staatsdiens | 74 | | |
| Verkeersbeamptes | 3. | Bankwese | 14. |
| Geoloë | 2. | Landmeters | 2. |
| Prokureurs | 2. | Boere | 17. |
| Bibliotekarisse | 3. | Bouwerk | 7. |
| Predikante | 8. | Assuransie | 6. |
| Onderwysers | 142. | Winkeliers | 3. |
| Mynbedryf | 15 | Lektore | 5. |
| Veeartseny | 2. | Professore | 1. |
| Medisyne | 8. | Skeikundiges | 3. |
| Polisie | 9. | Ingenieurs | 5. |
| Verpleging | 6. | Boekhouers | 6. |
| Advokate | 2. | Diëetkundiges | 1. |

Gedurende die kwarteeujaar was die volgende personeel aan die skool verbonde[4]:

1. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 19 Aug.1942.
2. Ibid., 19.1.43.
3. Jaarblad Wolmaransstadse Hoërskool, Kwarteeu-uitgawe, 1921-1946, 9.
4. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 1946. Jaarblad Wolmaransstadse Hoërskool, Kwarteeu-uitgawe, 1921-1942, 9.

Mnre. F.E.Bauling (hoof), S. Gerber (vise-hoof), N.M. Boonzaaier, G.A. Venter, J.H. Thuynsma, D.J. Visser, I.D. van der Walt, P.W. van Heerden, A. Jacobs, H. Boshoff, D. van den Berg, mejj. S.S.Veldsman, M.M. Nell en mev. A. de Greeff.

In dieselfde jaar is nuwe klaskamers aangebou asook sentrums vir handwerk en huishoudkunde. Op die sportterrein is 'n gerieflike pawiljoen met netjiese kleedkamers opgerig wat sitplek bied aan 'n ruim aantal toeskouers[1).

(5) Sentralisasie van st.6, 1951.

Reeds in 1943 is gedeeltelik uitvoering gegee aan die beleid om st.6 oor te plaas na die hoërskool, toe die klas van die plaaslike laerskool by die hoërskool gevoeg is. Weens gebrek aan koshuisakkommodasie kon die beleid eers in 1951 in sy geheel deurgevoer word[2).

Die koms van die st.6-leerlinge na die hoërskool het die aantal leerlinge aansienlik laat styg, sodat die skool in 1952 as graad B ingedeel kon word[3).

Met die groter personeel kon nou ook 'n ruimer vakkeuse aangebied word en is 'n begin gemaak om naas die akademiese rigting ook onderrig te verskaf in die handelsrigting. Die personeel is as gevolg van die uitbreiding aangevul en het toe bestaan uit[4):

Mnre. J.R. Malan (hoof), S. Gerber (vise-hoof), N.M. Boonzaaier, D.J. Visser, A. Jacobs, G.J.M.Coetzee, J.S. Barnard, F.K. van der Westhuizen, R.J.Nieman, N.L.Scheffer, J.B.Nel, C.J.S. Coetzee, P.N.van Rensburg, J.A.van Vuuren, J.A.Oosthuizen,mej.E.van Straten.

---

1. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 1946.
   Jaarblad Wolmaransstadse Hoërskool, Kwarteeu-uitgawe, 1921-1946, 9.
2. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool,17.1.1951.
3. Ibid., 12.11.1952
4. Ibid., Eerste Kwartaal, 1952.

(6) Koshuisakkommodasie.

Reeds vanaf 1909 is sterk aangedring op die oprigting van 'n koshuis met die oog op middelbare onderwys[1]. Die ingebruikneming van die nuwe laerskool vir 300 kinders in 1914[2] het die bestaande gebou, Besembos, as koshuis beskikbaar gestel. Verdere geboue is met verloop van tyd vir die doel bygehuur, sodat daar in die twintiger jare die volgende koshuise onder bestuur van die kerk bestaan het:

Besembos, vir seuns, met die leuse "Sout of vrek",
Leask-huis (Zoo), vir seuns.
Van der Horst-koshuis (Hoenderverdriet), vir meisies.

Gedurende 1931 is 'n moderne meisieskoshuis, Wentzelhuis, opgerig en is die Van der Horst-koshuis omgeskep in 'n seunskoshuis, terwyl Leask-huis gesluit is. In 1937 is die beheer oor koshuise deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem. Aan die hoof van elke koshuis sou voortaan 'n superintendent staan, belas met dissiplinêre verantwoordelikheid en finansiële bestuur van die eenheid. Wentzel-huis is in 1948 vergroot om akkommodasie te verskaf aan 132 meisies, en die nuwe Van der Horst-koshuis vir 114 seuns is in 1951 betrek.

Die volgende persone het gedurende die tyd onder provinsiale beheer opgetree as superintendente van die koshuise:
Mnre. F.E.Bauling, G.A. Venter, J.H. Thuynsma, D.J. Visser en P.W. van Heerden.

Die huidige personeel van die koshuise is soos volg saamgestel:

---

1. Notule Wolmaransstadse Skoolraad, 16 Maart 1909.
2. Ibid., 4 Sept., 1914.

| | Wentzel. | Van der Horst. |
|---|---|---|
| Superintendent: | J.R. Malan. | G.J.M. Coetzee. |
| Toesighoudende onderwysers: | Mejj.E.v.Straten<br>A.v.Straten<br>H. Bornman<br>R. Uys. | P.N.van Rensburg.<br>J.A.van Vuuren.<br>N.L.Scheffer. |
| Matrone: | Mev.A.C.Koekemoer | Mev.J.M.M.Coetzee. |
| Assistent-matrone: | Mej.H.M. Fourie | Mev.M.S.P.Pansegrauw. |
| Sekretaresse: | Mev.R. Grobler. | Mev. R. Grobler. |

c. Leeuwdoornsstad met klasse tot st.8, 1936-1952.

(1) Intermediêre skool, 1936-1944.

Op 26 September 1935 is goedkeuring verleen vir die instelling van st.7- en 8-klasse. Hiermee is 'n lank gekoesterde ideaal van die skoolpersoneel en die skoolkommissie en die besielde ywer van tien jaar bekroon[1]. Die hoër afdeling aan die skool het in 1936 geopen met 25 leerlinge in st.7, terwyl die aantal leerlinge in die hele skool op 169 gestaan het[2]. Vanaf 1937 sou die skool bekend staan as die Leeuwdoornsstadse Intermediêre skool. As gevolg van die sentralisasie van Wildebeestkantoor, Diepkuil en Klipkuil het die aantal leerlinge in 1941 gestyg tot 371, met 35 in die hoër afdeling[3]. In dieselfde jaar is 'n nuwe gebou in gebruik geneem, sodat die probleem van akkommodasie wat met sentralisasie gepaard gaan, doeltreffend opgelos is[4].

(2) Skedule I-skool, 1944-1951.

Gedurende 1943 het die skool se inskrywing die 400-merk oorskry, met 97 leerlinge bokant st.5[5]. Die

1. Joernaal Leeuwdoornsstadse skool, 26 Sept.1935.
2. Ibid., 20 Jan. 1936.
3. Ibid., 5 Aug. 1941.
4. Idem.
5. Kwartaalstate 1943.

skool se status is in 1944 verhoog tot die van 'n Skedule I-skool. Die volgende aantal jare het die inskrywing gewissel van 346 tot 390 en die aantal leerlinge in die hoër afdeling van 86 tot 106.

(3) Groep II-skool, 1951-1952.

Vanaf 1951 staan dit bekend as 'n Groep II-skool[1], waarin veral aan handelsvakke aandag gegee word. In 1951 het die hoof, mnr. B. le Roux Groenewald, uit die diens getree en is in 1952 opgevolg deur mnr. S. Friis, terwyl mnr. A.A.C du Preez vanaf 1944 optree as vise-hoof. In 1952 is ook verdere nuwe klaskamers, wat dringend nodig was, in gebruik geneem.

d. Makwassie met klasse tot st.8, 1936-1942.

Volgens 'n skrywe van die hoof, mnr. J.G. van Niekerk, is 'n st.7-klas aan hierdie skool ingestel in 1936[2]. Addisionele klaskamers, 'n laboratorium en 'n handwerksentrum is opgerig om in die behoeftes van die skool te voorsien. In 1937 het die aantal leerlinge in die hoër afdeling 30 getel, en sy maksimum van 32 is in 1939 bereik[3].

Gedurende 1942 het die aantal leerlinge in die st.7- en 8-klasse gedaal tot 15[4], en vanaf 1943 is 'n motorvervoerskema ingestel, waardeur hierdie leerlinge oorgeplaas is na die Wolmaransstadse Hoërskool[5]. Mnr. Van Niekerk is in 1948 opgevolg deur mnr. J.D. Hugo, bygestaan deur mnr. C. van Zyl as vise-hoof vanaf 1949. Die lokale wat opgerig is as laboratorium en handwerksentrum, word tans aangewend vir 'n skoolsaal en biblioteek.

1. T.O.D.: Omsendbrief nr. 58 van 1951.
2. Brief van die hoof d.d. 10 Jan. 1936.
3. Kwartaalstate 1937-1939.
4. Kwartaalstate 1942.
5. Joernaal Wolmaransstadse Hoërskool, 19.1.43.

## 3. Ontwikkeling van Vakonderwys, 1929-1952.

### a. Die Ambagskool, 1929-1939.

Die eerste skool vir beroepskundige opleiding in Wolmaransstad is aan die begin van 1929 met 64 seuns geopen[1]. Die verwesenliking van die ideaal om 'n ambagskool te verkry moet toegeskryf word aan die onvermoeide ywer van ds. P. van der Hoven en die kragdadige steun wat deur genl. J.C.G. Kemp as L.V. van die Wolmaransstadse kiesafdeling aan die saak verleen is. Eersgenoemde het as voorsitter van die Adviserende Raad van die Inrigting gedien tot sy vertrek in 1939.

Die Ambagskool was bedoel om 'n groter gebied as die Wolmaransstadse distrik te bedien, en die getalle het dan ook spoedig aangegroei, sodat die inskrywing aan die einde van die eerste jaar reeds op 110 leerlinge gestaan het. Mnr. J. van Gas was die eerste hoof van die skool wat voorsiening gemaak het vir opleiding van seuns in die volgende afdelings:-

Meubelmakery, onder instrukteur D.Krynauw;
Kleremakery, onder instrukteur J. Roux;
Smedery, onder instrukteur R.Dormann;
Wamakery, onder instrukteurs R.Dormann en W. Lötter.

Skoolvakke:

Afrikaanse en Wetenskap - onderwyser A.G.Coetsee,
Engels en Burgerkunde - onderwyser J. Sommers,
Tekene en Matesis - onderwyser W.A.Lötter.

Die eerste Adviserende Raad het bestaan uit:- Ds. P. van der Hoven (voorsitter), met die here J. Firth, P. Roothman, H.Kluever, W. Geerling, L.M.Wentzel en die dames mevv. E. Steyn en B. Solms as die ander lede[2].

1. Toelatingsregister Ambagskool, 27 Febr. 1929.
2. Notule Adviserende Raad, 17 Apr. 1930.

Aan die einde van 1929 het mnr. Van Gas vertrek en het mnr. W.A.Lötter as vise-hoof die verantwoordelikheid van die hoofskap gedra tot in April 1930, toe mnr. S.J. van Rensburg aangestel is as hoof. Die aantal leerlinge aan die Inrigting het baie vinniger toegeneem as waarvoor oorspronklik beplan was. Die hoof se taak is gevolglik baie bemoeilik deur die gebrek aan behoorlike akkommodasie. Die ruimte in die werkswinkels was beperk, en aangesien dit onder noodtoestande gehuurde geboue was, kon daar nie veel aan verandér word nie. Die slaaplokale was swak toegerus, en die nodige geriewe het dikwels ontbreek. Gedurende die eerste aantal jare moes die hoof baanbrekerswerk verrig op meer as een terrein.

Een van die grootste probleme waarmee hy te doen gekry het, was die feit dat die seuns nie daaraan gewoon was om hulle aan dissipline te onderwerp nie. Sommige van hulle was reeds op ŉ moeilike stadium in hulle ontwikkeling en het dit swaar gevind om hulle by die nuwe verblyf en werksomstandighede aan te pas. In die dagboek van die hoof skryf hy soos volg: "Dis die onaangenaamste week wat ek nog hier deurgebring het. Die seuns wil wegloop as hulle nie Saterdagmore af kry nie. God bewaar ons volk as dit die gees is van jong Suid Afrika. Strike, wegloop ens. ens. is die gees van die kind, en dis die voorbeeld van die ouer. ŉ Hele boel is weer siek. Niks anders as luiheid nie. Dis ŉ ongenadige klomp mense. Sal hulle ooit iets word?"[1]

Blykens sy dagboek het die hoof sterk aangedring op die gee van liggaamsoefeninge elke môre en kadette

---

1. Dagboek S.J. van Rensburg, 1 Okt.1930 en 29 Okt.1930.

een maal per week sodat die seuns die nodige dissipline kon aanleer. Dit was vir hom noodsaaklik om elke Saterdagmôre die terrein onder sy persoonlike toesig te laat opruim en skoonmaak om daardeur sindelikheid by die seuns aan te kweek. Hy het ook voortdurend sy aandag aan die werkswinkels gegee, waar hy kontrole oor die werk uitgeoefen het.

ŉ Tekort aan water het ŉ ernstige bedreiging vir die skool se voortbestaan ingehou. Nadat dertien mislukte boorgate op die terrein geboor is, is besluit om ŉ paar myl buite die dorp te probeer, met die gevolg dat baie sterk water - 84000 gelling per 24 uur - aldaar gevind is, en hierdeur is die probleem opgelos[1]. Hierna kon daar nou ŉ begin gemaak word met die oprigting van eie geboue op die nuwe terrein, waarheen die water aangelê is. Die ruim geboue, insluitende koshuise, werkwinkels en klaskamers, is vanaf Maart 1933 betrek, en die bestendigheid van die skool is verseker[2].

In sy rapport van 1934 meld die hoof dat gebrek aan die nodige kennis van "vakopleiding en ambagskoolorganisasie" die oorsaak was waarom rigtings ingeslaan is wat later nadelige gevolge gehad het. So was daar na sy mening in die eerste jaar van die skool se bestaan te veel leerlinge toegelaat, met die gevolg dat byna geen leerlinge gedurende die tweede en derde jare opgeneem kon word nie en die "sirkelgang heeltemaal uit verband geruk is". Selfs na ŉ bestaan van ses jaar word nog moeilikhede ondervind wat toegeskryf moet word aan gebrek aan kennis en ondervinding van vakonderwys[3].

1. Jaarrapport ~~Ambagskool~~ Dagbreek-vakskool, 1936, R1/3.
2. Jaarrapport Dagbreek-vakskool, 1936, R1/3.
3. Ibid., 1934. R3.

Die samestelling van die personeel aan die einde van 1934 was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Prinsipaal | - | S.J. van Rensburg. |
| Vise-prinsipaal | - | W.A. Lötter. |
| Onderwysers | - | A.G. Coetsee, |
| | | J.P. Conradie. |
| Instrukteurs | - | A.M. Rousseau, |
| | | D.J.K. de Villiers, |
| | | J.S.N. Roux. |

b. Die Dagbreek-vakskool, 1939-1947.

Sedert 1939 is die naam van die skool verander na die Dagbreek-vakskool.

Mnr. S.J. van Rensburg het aan die einde van 1940 met pensioen uit die diens getree en is vanaf Januarie 1941 opgevolg deur mnr. H. Graphorn. In sy rapport van genoemde jaar wys die hoof daarop dat hoewel die skool nog jonk is, die vakopleiding baie verouderd is. Die kleremakersafdeling word by die dag kleiner, en deurdat die smidsafdeling met die wamakersafdeling verbind is, sodat leerlinge in hierdie afdelings gelyktydig met twee ambagte besig is, is hierdie twee ambagte ook nie meer gewild nie. Leerlinge vermy hierdie skool en doen aansoek na ander skole waar die afdelings geskei is. Hoewel die gevaar bestaan het dat by skeiding van die twee ambagte die getalle in een van die twee tot benede die minimum sou daal, meen die hoof dat dit onbillik is teenoor die seuns om die posisie te behou soos dit is. Skeiding moet plaasvind, en uitbreiding van nuwe moderne ambagsafdelings beskou hy as dringend noodsaaklik[1]. Verder rapporteer die hoof dat 'n nuwe gees ten goede in die skool ontstaan het. Orde en tug word gehandhaaf. Die uitlê van die gronde

1. Jaarrapport Dagbreek-vakskool, 1941, 1.

en die baie bome gee die skoolgronde 'n pragtige aansien. Dit alles skryf hy toe aan die onvermoeide ywer van die vorige hoof, wat geen tyd of opoffering te veel geag het om die terrein te verfraai nie[1].

c. Die Hoër Tegniese skool, 1947-1952.

Die naam van die skool is nou verander na Hoër Tegniese Skool Wolmaransstad[2]. Die lede van die Adviserende Raad was:- Ds. C. Hattingh (voorsitter), met ds. J.D. Storm, mnr. T. le Roux, inspekteur van onderwys, en mevv. H. Vivier en V.Bornman as lede[3].

Aan die einde van 1947 het mnr. Graphorn die tuig as hoof neergelê en is opgevolg deur mnr. C.J.Roode vanaf die begin van 1948. Die skool het geopen met 106 seuns, wat sedert 1947 toegelaat is om in die volgende ambagte opleiding te ontvang: meubelmakery, kleremakery en metaal- en sweiswerkery. Die gekombineerde smids- en wamakersafdeling is gestaak en deur die nuwe ambag in metaal- en sweiswerkery vervang[4].

In 1950 het mnr. W.A.Lötter as vise-hoof uit die diens getree nadat hy die skool in al sy belange gedien het vanaf sy stigting in 1929. In sy plek is aangestel mnr. J.G. Visser[5].

Toe mnr. Roode in 1951 na Standerton verplaas is, het mnr. J.E.T. Preller die hoofskap van die skool aanvaar[6]. Vanaf Januarie 1951 is die ambag metaal- en sweiswerkery verder verdeel in basiese metaalwerk en motorwerktuigkunde en die verdeling van leerlinge was soos volg: basiese metaalwerk 39, kleremakery 19, meubelmakery 40, motorwerktuigkunde 18[7].

1. Jaarrapport Dagbreek-vakskool, 1941, 1.
2. Jaarrapport Hoër Tegniese Skool, 1947, 1.
3. Ibid., 3.
4. Ibid., 2.
5. Ibid., 1950, 2.
6. Ibid., 1951, 1.
7. Idem.

Op die Raad is ds. M. Grobler, mnr. A. Stoffberg en mev. C. Boshoff as nuwe lede benoem[1].

In Januarie 1952 is 'n nuwe ambag, messelwerk, ingevoer. In dieselfde jaar sou die eenjarige voor-vakleerlingskapkursus aan alle vakskole ingevoer word. Op 'n konferensie op 22 Oktober 1953, bygewoon deur 4 verteenwoordigende prinsipale, het die Sekretaris van Onderwys besluit dat die eenjarige kursus slegs op die grotere skole van toepassing sou wees, terwyl aan die kleinere skole 'n twee- en driejarige kursus ingestel is. Hierdie vergunning is ook aan die groter skole gegee wat betref die jongere kinders[2].

Die motorwerktuigkundige afdeling het gedurende 1952 aansienlik gegroei ten koste van die kleremakersafdeling. Die aantal leerlinge in die skool was 125, van wie 34 as motorwerktuigkundiges en 11 as kleremakers opgelei is[3]. Gedurende 1952 is di. P.A.R.C. van Wyk en J.A. Claassens op die Raad benoem[4].

d. <u>Die Huishoudskool, 1931 - 1951</u>.

Twee jaar na die oprigting van die Ambagskool het die Adviserende Raad daarin geslaag om ook 'n huishoudskool vir dogters te verkry. Aanvanklik was die hoof van die Ambagskool, mnr. Van Rensburg, ook verantwoordelik vir die beheer van hierdie skool, maar aan die begin van 1931 is mev. E.K.M.Broodryk aangestel as eerste prinsipale[5]. Hierdie skool het in 'n groot behoefte voorsien, en opleiding is verskaf in wassery, kookkuns, naaldwerk en huishoudkunde, sodat die dogters in staat was om in goeie werkkringe geplaas te

1. Jaarrapport Hoër Tegniese Skool, 1951, 1.
2. Ibid., 1952, 1.
3. Idem.
4. Idem.
5. Van Rensburg: Dagboek, 8 Jan. 1931.

word wanneer hulle die lewe ingaan.

Mev. Broodryk het aan die hoof van hierdie Inrigting gestaan tot in 1941, toe sy opgevolg is deur mej. A.C. Malga, bygestaan deur die dames S.B.Heighway, M.A.M. McDuling en W.C. Jooste as instruktrises[1]. Die eerste aantal jare het die Huishoudskool onder dieselfde Adviserende Raad as die Ambagskool geressorteer, maar in 1941 tref ons die name van die volgende persone aan as lede van die Raad[2]: Ds. C.W.J. Pistorius (voorsitter), mevv. J.L. Firth en L.M. Wentzel en die here D.J. Theunissen en Kikillus.

Gebrek aan boumateriaal gedurende die oorlogsjare het die verskaffing van noodsaaklike geboue aan bande gelê, sodat daar nie veel sprake van uitbreiding was nie. In 1945 is mej. Malga opgevolg deur mej. A.M.Viljoen[3], wat hoof was tot aan die einde van 1946, toe mej. M.M. van Graan[4] die hoofskap aanvaar het. Die personeel het in 1948 bestaan uit die dames M.M. van Graan (hoof), G.M.Wiese, J.M.Cloete, J.M. Mostert en J. Wagenaar, terwyl die volgende persone op die Adviserende Raad gedien het: Ds. C. Hattingh (voorsitter) en mevv. J. Firth, M. Bodenstein en T. le Roux[5].

Mej. van Graan het hierdie pos beklee tot aan die einde van 1950 toe die skool gesluit is omdat die aantal leerlinge gedaal het tot benede die minimum vereis vir die instandhouding van die tipe skool.

1. Jaarrapport Huishoudskool, 1942, 2.
2. Ibid., 1941, 2.
3. Ibid., 1945, 1.
4. Ibid., 1947, 1.
5. Ibid., 1948, 2.

e. Nywerheidskool 1951 - 1952.

Na die sluiting van die Huishoudskool aan die einde van 1950 is die Nywerheidskool in 1951 in dieselfde geboue geopen. As eerste hoof is aangestel mej. S. Postma, bygestaan deur die volgende personeellede: mevv. D.J. Swanepoel (onderhoof) en F. Bach en mejj. J.M. Mostert, en A. Williams.

Die eerste Adviserende Raad het bestaan uit mnr. J.C.V. Mouton (voorsitter), mevv. M. Bodenstein, L.P. Bekker en mnr. A. Stoffberg[1].

Die herkoms van die leerlinge wat die skool in 1951 besoek het, was soos volg[2]:

| | | |
|---|---|---|
| George Hofmeyr-Nywerheidskool | - | 22 |
| Ons Weeshuis, Ladybrand | - | 2 |
| Kinderhuis, Bloemfontein | - | 7 |
| Woodwill Orphanage, Grahamstown | - | 1 |
| St. Michaels, Kaapstad | - | 2 |
| Weeshuis, De Rust | - | 1 |
| Môreson, George | - | 1 |
| N.G. Kerk-Weeshuis, Greytown | - | 1 |
| Weeshuis, Winburg | - | 2 |
| Brandwacht-weeshuis, Mosselbaai | - | 1 |
| St.Elmo's Special School, Umzimbi | - | 1 |
| | | 41. |

Hierdie leerlinge word beskou as sorgbehoewend, omdat baie nie ouers het nie en ook omdat daar sielkundige versteurings voorkom. Uitgaande van die beginsel dat vrees die ontwikkeling van verkeerde komplekse ten gevolg het, deel die prinsipale mee dat kinders nie gestraf word vir oortredings nie, maar die verskynsel word beskou as 'n siekte wat genees moet word. Die minderwaardigheidsgevoel waaraan sommige van die leerlinge ly, word ook doeltreffend verhelp

1. Jaarrapport Nywerheidskool, 1951, 3.
2. Ibid., 7.

deur hulle in staat te stel om wel te kan presteer, bv. op sportgebied[1].

Gedurende 1952 het die aantal leerlinge gestyg tot 45, terwyl die here W.G.Vos, J.A.Claassens en J.H. van Dyk op die Raad as nuwe lede bygekom het[2]. Die hoof rapporteer dat die dogters simpatiek behandel word deur lede van die publiek en maak spesiale melding van die belangstelling van die kerke[3]. Die skool is nog in sy kinderskoene, maar daar is reeds alle tekens dat werk van groot opvoedkundige waarde verrig word.

------oooOooo------

1. Jaarrapport Nywerheidskool, 1951, 2.
2. Ibid., 1952, 1.
3. Idem.